

11 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 101

Om opreg te lewe

'n Koning verbind hom hier aan die Here om getrou te wees in sy regering en reg te laat geskied. Hy spits hom toe op opregte optrede wat spruit uit betroubaarheid. Dit behoort vandag nog die grondslag te wees van ons optrede in ons huise, in die samelewing en ook teenoor mense wat in ons diens mag wees.

Om opreg te lewe en opreg teenoor ander op te tree verg wysheid. Dit geld in besonder vir mense wat in gesagsposisies staan. Maar elke gelowige het ook hierdie wysheid nodig in sy verhouding met ander mense.

Betroubaarheid en regverdigheid is nie moontlik sonder 'n noue verbintenis met die Here nie. Om reg teenoor ander op te tree moet ons die Here ken en liefhê. Ons verhouding met die Here behoort nie iets te wees wat afgesluit is van ons lewe nie. Ons toewyding aan en liefde vir die Here moet juis in ons daade teenoor ons naaste uitdrukking vind.

Daarom staan die Here tereg in die middelpunt van hierdie Psalm. Dit kom uit in die lof aan die begin en ook in die vraag: "Wanneer kom U na my toe?" (vers 2). Dit lyk na 'n vraag wat somer skielik uit die bloute gestel word, maar dit is 'n wesenlike vraag. Die koning vra hier dat die Here oor sy openbare en private wandel toesig hou. Dit gaan hier oor die teenwoordigheid van die Here ook in die koning se optrede teenoor ander.

Sing: Psalm 25:2,6

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)